

Saterdag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Joël 1 – 2:17 (AFR83)

Fokusgedeelte: Joël 2:12-14

God oordeel tot terugkeer

Lyk die toekoms vir jou donker? Ja, jy is reg – en die toekoms gaan nog baie donkerder word. Bloed, vuur, rookwolke, geweld, misdaad en rampe – selfs die son gaan donker word en die maan bloedrooi. Ons het nie 'n koerant of TV-nuus nodig om dit raak te sien nie. God laat ons deur die venster van sy Woord kyk. Dis nie 'n mooi prentjie nie. Alles is weggevreet deur die sprinkane. Van die mooi land met al sy melk en heuning het niks oorgebly nie. Jy wil huil as jy sien dat daar van alles waarvoor daar oor so baie jare gebou en gewerk is, uiteindelik niks oorbly nie.

Dit is reg dat jy huil. Gaan staan voor die altaar en huil (1:13). By die altaar lê die wortel van die kwaad. Die altaar van God was nog daar, maar God was nie meer by die altaar nie. Israel wou geen God meer hê nie. Hulle wou net geld, koring en wyn hê. Daarom maak God vir hulle 'n venster op die toekoms oop. Deur die oop venster kom die roepstem: Kom met julle hele hart terug na die Here toe (2:12). Die oop venster wys God in sy genade en barmhartigheid, in sy lankmoedigheid en liefde (2:13). Miskien herroep Hy sy straf.

Tog straf God regverdig, nie vir ons nie, maar sy eie Seun. Deur die straf maak God al ons sondige brouwerk tot niet, sodat die roepstem tot terugkeer 'n Vaderlike stem word, 'n stem van genade en barmhartigheid. Ons mag deur Christus tot God nader. Daarom kom dieselfde eis van terugkeer tot ons. Die terugkeer begin met 'n hartlike berou oor ons sondes, dat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Dan volg die opbou in Christus om as medewerkers saam te bou aan sy huis, sy koninkryk. As ons so eers die koninkryk soek, kom geld, koring en wyn vanself.

Sing: Psalm 51-1:8

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)